

KONVENT VIR EENHEID

NOTULE UITVOERENDE KOMITEE OP 11 MEI 2004 TE KWEESKOOLOOR STELLENBOSCH, OM 13:00

1. OPENING

Ds Hansie Schutte (NGK Oos-Kaapland) open die vergadering met Skriflesing en gebed. Hy lees uit Hebreërs 7:24,25 en wys op die ironie van die huidige stand van verdeeldheid in die kerk, terwyl mens dit nie van die kerk sou verwag nie. Ons kan vashou aan Jesus Christus, Wie ons vashou – Hy het ons verlos en gered. Hy lewe vir altyd om vir ons by God in te tree. Hy bid dat ons sal wees wat ons in beginsel reeds is.

Drie persone gaan voor in gebed.

2. KONSTITUERING

2.1 VGK Kaapland

Teenwoordig: Alfred Dyasi, Eddie Ngeva, Dirk Heyneman, Lukas Plaatjie, Mary-Anne Plaatjies, Averell Rust, Pieter Grove.

2.2 NGK Wes-en-Suid-Kaapland

Teenwoordig: Hannes Koornhof, Coenie Burger, Monty Sahd, Ben du Toit, Braam Hanekom, Hannes Theron.

2.3 NGK Oos-Kaapland

Teenwoordig: Hansie Schutte, Chris van Wyk, Schalk du Toit, Danie Mouton (skriba).

3. VERSKONINGS

Themba Nyatyowa (VGK Kaapland).
Chris van Wyk word vanaf 15.00 verskoon.
Enkele van die ander lede word ook vir kort periodes verskoon.

4. NOTULE : 10 FEBRUARIE 2004

Goedgekeur, met dank aan Themba vir die notulering.

5. SAKE UIT NOTULE

5.1 Riglyne vir Plaaslike Konvente (pt 5.1.1)

5.1.1 Ad hoc-kommissie (Ben du Toit, A Rust, LE Ngeva, H Schutte) doen verslag.

5.1.2 Ben du Toit rapporteer dat terugvoer oor plaaslike konvente van so 'n aard is dat geen struktuur daaruit afgelei kan word nie.

5.1.3 Die doel van hierdie riglyne is om ringe en gemeentes te bemagtig om self konvente in hul plaaslike konteks op dreef te kry. Daar is reeds dokumentasie van die Ringe van Wesland en Wynberg beskikbaar. Verder bestaan verskeie samewerkingsooreenkomste ook tussen gemeentes, begroond op 'n verantwoordbare konseptuele basis. Die moontlikheid word genoem om tyd tydens die Konvent in te ruim dat bestaande Konvente hul stories van oorsprong kan vertel.

5.1.4 Besluit

Die hantering van die saak tydens Konvent 2004 word na die Konvent se proseskomitee verwys (sien pt 6.1.3.12 vir die samestelling van die proseskomitee).

5.2 Administrasie en Logistiek : Konvent 22-24 Junie 2004 (pt 5.1.3)

5.2.1 Die Ad hoc-kommissie (Monty Sahd, Bossie Minnaar, Themba Nyatyowa) lê Bylaag B (Administratiewe en Logistiese Reëlings Konvent 2004) aan die vergadering voor.

5.2.2 Besluite:

5.2.2.1 Pt 1 - Kennis geneem.

5.2.2.2 Pt 2 - Goedgekeur

5.2.2.3 Pt 3-3.4 - Kennis geneem

5.2.2.4 Pt 4-7 - Goedgekeur

5.2.2.5 Pt 8 - Kennis geneem

5.2.2.6 Pt 9 - Goedgekeur

5.3 Belydenisgrondslag (Bylaag C pt 2.4.1)

5.3.1 Die saak staan oor tot by punt 6.1.3.5 van hierdie notule.

5.4 Konseptualisering van Eenheidsinode (Bylaag C pt 2.2)

5.4.1 Die saak staan oor tot by punt 6.1.3.7 van hierdie notule.

5.5 Kerkregtelike Vereistes vir Eenwording (Bylaag E)

5.5.1 'n Ad hoc-kommissie (Hannes Theron, Mary-Anne Plaatjies, Schalk du Toit) hanteer die kerkregtelike vereistes vir eenwording.

5.5.2 Mary-Anne Plaatjies lê Bylaag E (Die kerkregtelike vereistes vir eenwording volgens die Kerkorde van die VGKSA) aan die vergadering voor.

5.5.3 Kennis word met dank van Bylaag C geneem.

Nota: Let ook op die besluit wat by pt 6.1.3.6 geneem is.

5.6 Kerkregtelike Beoordeling / Besluitnemingsbevoegdheid van Eenheidsinode (Bylaag D)

5.6.1 'n Ad hoc-kommissie (Hannes Theron, Mary-Anne Plaatjies, Schalk du Toit) hanteer hierdie saak.

5.6.2 Mary-Anne Plaatjies lê Bylaag D (Kerkregtelike beoordeling en/of besluitnemingsbevoegdheid van die Eenheidsinode) aan die vergadering voor.

5.6.3 Kennis word met dank van Bylaag D geneem.

Nota: Let ook op die besluit wat by punt 6.1.3.7 geneem is.

5.7 Studie ré Eenheidsprosesse (Bylaag C)

5.7.1 Die saak staan oor tot by punt 6.1.3.8.

6. VERSLAE

6.1 Sakelys Konvent 22-24 Junie 2004 (Bylaag C)

6.1.1 'n Ad hoc-kommissie (Hannes Koornhof, Pieter Grove, Hansie Schutte) doen verslag.

6.1.2 Bylaag C (Sake vir Konvent 2004) dien voor die vergadering. Indringende gesprek word oor die Bylaag gevoer.

6.1.3 Besluite oor Bylaag C

Nota: Die besluit oor die *volgorde* waarin die sake voor die Konvent dien, word in hierdie notule by punt 6.1.4 aangedui.

6.1.3.1 Pt 1 Opdrag - Kennis geneem

6.1.3.2 Pt 2.1 Sakelys Vergadering UK (11 Mei 2004) - Kennis geneem

6.1.3.3 Pt 2.2 Konseptualisering Eenheidsinode - Staan oor tot by 6.1.3.7

6.1.3.4 Pt 2.3 Studie ré Verenigingsprosesse - Staan oor tot by pt 6.1.3.8

6.1.3.5 Pt 2.4.1 Belydenisgrondslag

Die UK besluit om

(1) die voorstelle van die Wes-Kaap en Oos-Kaap en die laaste besluit van die VGK oor kerkeenheid as gespreksdokumente op die sakelys te plaas; en

(2) die implikasies vir 'n verenigende kerk indien die Belhar-Belydenis op 'n ander wyse as die tradisionele belydenisskrifte hanteer sou word (bv kategese, bedieninge ens) na 'n ad hoc kommissie vir verslag aan Konvent 2004 te verwys.

(3) die moontlikheid om die funksionering en plek van belydenisskrifte in die Gereformeerde tradisie by die Konvent toe te lig, aan die drie moderators, Lukas Plaatjie en die proseskomitee deur te gee.

6.1.3.6 Pt 2.4.2 Kerkregtelike Vereistes vir Eenwording

Die UK gee opdrag aan 'n ad hoc kommissie (Hannes Theron, Mary-Anne Plaatjies, Schalk du Toit, Lukas Plaatjie) om die kerkregtelike vereistes vir eenwording in 'n kort en duidelike verslag aan Konvent 2004 voor te lê.

6.1.3.7 Pt 2.4.3 Konseptualisering Eenheidsinode

Die UK versoek die sinode van Wes-Kaapland (Hannes Theron) om Konvent 2004, met verwysing na Reglement 6.5 van die NGK, met 'n kort verslag te dien ré die vrae: Wat is die rasionaal agter 'n Eenheidsinode? Wat is sy funksie? Hoe sou so 'n sinode kon lyk? Hoe sou sy samestelling kon wees? Wat sou op sy agenda wees?

Wenk: Hannes Theron moet die terminologie en begrippe met Mary-Anne Plaatjies uitklaar om seker te maak dat die betekenisinhoud van begrippe duidelik vir almal is.

Hiermee is punt 2.2 van Bylaag C afgehandel.

6.1.3.8 Pt 2.4.4 Studie ré Verenigingsprosesse

Die UK gee opdrag aan 'n ad hoc kommissie (Pieter Grove, Koosie Delpont) om 'n bestekopname te maak van prosesse van kerkvereniging waarby ons kan leer, en daarvoor verslag te doen aan Konvent 2004.

Hiermee is punt 2.3 van Bylaag C afgehandel.

6.1.3.9 Pt 2.4.5 Model vir Een Kerk

Die UK versoek 'n ad hoc kommissie (Hannes Theron, Mary-Anne Plaatjies, Schalk du Toit, Lukas Plaatjie) om 'n samevattende, kort, bevatlike en duidelike verslag rondom moontlike modelle vir een kerk aan die Konvent 2004 voor te lê.

Notas:

Die UK oordeel dat hierdie verslag duidelik 'n werksdokument moet wees wat verskillende modelle kan bevat.

Die gevaar bestaan dat die VGK en NGK gesamentlike strukture verskillend kan ervaar – aan die een kant as 'n plaasvervanger vir kerkeenheid, en aan die ander kant as konstruktiewe stappe na kerkeenheid. Die gevaar is ook dat gesamentlike strukture as oornam e eerder as kerkvereniging beleef kan word. Op hierdie wyse kan die beste bedoelinge van partye misverstaan word en wantroue skep.

6.1.3.10 Pt 2.4.6 Strategie vir Eenwording

Die UK gee opdrag aan 'n ad hoc kommissie (Braam Hanekom - sameroeper, Chris van Wyk, Averell Rust, Themba Nyatyowa) om Konvent 2004 te adviseer ré 'n strategie vir eenwording (bv bestuur van verdere prosesse, ook in plaaslike gemeentes, ringe en sinodale kommissies, tydskaal, verhoudingsbou, kommunikasie en vertaling).

Notas:

Die gevaar bestaan dat die gebrek aan vordering met kerkeenheid, terwyl die kommissies op sinodale vlak begin saamwerk, die indruk skep dat die VGK deur die NGK ingesluk gaan word. Die persepsie bestaan ook dat dit is soos dit na kerkvereniging met die VGK sal gaan. Indien duidelike buitelyne van prosesse uitgespel word, kan vertroue in mekaar gebou word. Die beleving van koinonia speel 'n wesenlike rol in die ontplooiing van 'n strategie vir eenwording.

Vir UK-vergaderings moet lede sensitief wees om Engels ook as gesprekstaal gebruik. Die Konvent self sal veral van Xhosa en Afrikaans gebruik maak.

6.1.3.11 Pt 2.4.7 Logistieke Reëlins Konvent 2004

1. Die UK gee opdrag aan die ad hoc kommissie (Monty Sahd, Bossie Minnaar) om alle verdere logistieke reëlins ré Konvent 2004 te tref (bv lokaal/e, huisvesting, reiskoste, etes, ens) met die reg tot koöptering om die verteenwoordiging te vergroot.

2. Finale koste: Wanneer die totale kostes bereken is, sal die logistieke komitee (Monty Sahd, Bossie Minnaar) in samewerking met die drie moderators besluit oor die verdeling daarvan.

6.1.3.12 Pt 2.4.8 Inkleding van Konvent 2004 (Proseskomitee)

Die UK gee opdrag aan 'n ad hoc kommissie (Hannes Koornhof - sameroeper, Frederick Marais, Chris van Wyk, Andrew Esterhuyzen, David Simon, Hansie Schutte, Pieter Grove en Lukas Plaatjie) om alle reëlins ré die proses en verloop van Konvent 2004 en die agenda daarvan te tref (bv sang, gebed, rituele, getuienisse, verbintenisse, verklaring, ens).

6.1.3.13 Pt 2.4.9 Ander Sake / Reëlins

1. Keerdatum: Alle dokumente moet teen 31 Mei by die skriba wees.

2. Versending: Die stukke van die Konvent word gepos sodat dit lede teen die 15e bereik.

3. Agenda – Samestelling van die sakelys – die skriba (Danie Mouton) stel 'n konsep-agenda op ooreenkomstig vergaderingsbesluite, en gee deur na die komitee wat proses fasiliteer. Die agenda soos prosesmatig ingeklee word vir vertaling aan Lukas Plaatjie besorg. Die skriba (Danie) kry dit in Xhosa vanaf Lukas.

4. Die drie moderators sal die leiding by die Konvent neem. Die proseskomitee lewer insette in hierdie verband.

6.1.4 Volgorde en inhoud: Sakelys van Konvent

1. **Inleidend / Agtergrond / Aanloop** (Sluit die notule van die vorige Konvent in.)
2. **Motivering: Identiteit en Roeping**
Hoekom voer ons hierdie gesprek? Wie is die kerk en wat is sy roeping? Die drie moderators kan hierdie saak inlei.
3. **Belydenis**
4. **Model** (waaronder kerkregtelike aspekte)
5. **Strategie**
 - 5.1 **Tydraamwerk**
 - 5.2 **Studie van Verenigingsprosesse**
 - 5.3 **Eenheidsinode**
 - 5.4 **Hoe help ons plaaslike gemeentes?**

6.1.5 Uitnodiging Moderature Algemene Sinodes

- 6.1.5.1 Die UK nooi die moderature van die betrokke Algemene Sinodes (VGK, NGK) uit om die Konvent op eie koste by te woon en deel te neem aan die proses. Monty Sahl neem verantwoordelikheid.
- 6.1.5.2 Die VGK-lede op die UK sal nadink oor die moontlikheid om die moderature van die NGKA en die RCA se Algemene Sinode uit te nooi.

6.1.6 Taalgebruik in dokumentasie vir die Konvent

- 6.1.6.1 Die UK besluit om die agenda en al die dokumentasie in Afrikaans en Xhosa beskikbaar te stel.

6.2 VERSLAG WERKGROEP EIETDSE UITLEG VAN BELHAR-BELYDENIS

- 6.2.1 Die ad hoc-kommissie (Piet Naudé, Dirkie Smit, Daan Cloete, Eddie Ngeva) sal per verslag van Piet Naudé aan die einde van Mei 2004 'n eietydse uitleg voorlê. Die vergadering neem kennis.

6.3 Posisie NGKA / RCA

Die saak staan oor.

6.4 UITKOMSTE VAN KONVENT

Afgehandel by pt 6.1.4.

6.5 IMPLIKASIES VAN BELHAR-BELYDENIS IN ANDER SIRKEL

Afgehandel by pt 6.1.4.

7. ANDER SAKE

7.1 Model vir Kerkeenheid – VGKSA en NGK (Bylaag F)

- 7.1.1 Mary-Anne Platjies lê Bylaag F (Model vir Kerkeenheid VGKSA en die NGK) voor.
- 7.1.2 Die vergadering neem met dank kennis.

7.2 Bywoning van Konvent – Neels Jackson

Neels Jackson is die verslaggewer vir kerksake by Beeld, 'n verantwoordelike joernalis met goeie kerklike insig. Die vergadering gee toestemming om hom na die Konvent uit te nooi. Dit beteken nie dat die pers as sodanig welkom is nie.

7.3 Verklaring van UK Konvent vir Eenheid

Die vergadering bespreek die moontlikheid om 'n gesamentlike verklaring uit te reik waarin die UK die lidkerke se verbintenis tot kerkeenheid ondubbelsinnig uitspel. Daar word verwys na negatiewe beriggewing oor die afgelope paar dae in Die Burger oor wantroue in die rol wat die NG Kerk in die proses van eenwording speel.

Na bespreking word konsensus bereik dat die UK nie behoort te reageer nie, maar dat die NG Kerk na goeddunke kan reageer.

8. AFSLUITING

Die voorsitter bedank almal vir die openhartige gesprek wat die vergadering .gekenmerk het. Die vergadering word met gebed afgesluit.